Die Hoërskool Wonderboom
Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

GROEI en DIEN

# Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 2 Augustus 2019

## 1. LEERDERDEELNAME EN -PRESTASIES

**Matriekraad 2020:**

Dit is met groot opgewondenheid dat ons die Matriekraad vir 2020 kan aankondig. Baie geluk aan die volgende leerders wie tot dié raad verkies is:

**DOGTERS:**

1. Beyleveldt Izaan
2. De Kock Carolyn
3. Genis Arné
4. Jones Raydine
5. Krüger Kayla
6. Nolte Suanné
7. Oosthuizen Anisha
8. Pretorius Leané
9. Smit Angelique
10. Swartz Linica
11. Van den Berg Vasti
12. Van der Merwe Lize
13. Van der Merwe Lucinda
14. Vorster Charlize

**SEUNS:**

1. De Kock Xander
2. Du Bruyn Lesego
3. Holtzhausen Stephan
4. Kleynhans Nico
5. Langenhoven Lehan
6. Lubbe Willem
7. Olivier Danie
8. Rosslee Zander
9. Swanepoel Wihan
10. Van Spaendonck Martin
11. Venter Inus
12. Viljoen Damian




**Rugby – VIRSEKERBEKER UITSPELE:**

Baie geluk aan ons 0/15 A-rugbyspan wat hul eerste uitspeelwedstryd vir die Virsekerbeker met 15-10 teen Hoërskool Brandwag gewen het. Hul vorder dus tot die kwartfinale rondte wat Saterdag, 3 Augustus, om 9:30 tuis teen Hoërskool Piet Retief plaasvind. Baie sterkte!

**Hokkie:**

Rohane Lourens het haar Level 0 Buitemuurse Hokkie Skeidsregtersertifikaat verwerf. Baie geluk.

**Fietsry:**

Verskeie Wonnies laat tans die fietswiele sing. Op Saterdag, 27 Julie, het hul te Hoërskool Monument teen 682 ander fietsryers deelgeneem en die volgende topprestasies is behaal:

Melandri Pretorius (0/14 Dogters) – 8ste

Lize van der Merwe (0/19 Dogters) – 13de

## 2. INTERHUIS KRIEKET:



Die uitslae vir die krieket- huiskompetisie is soos volg:

1. **Spartane**
2. Knights
3. Vikings
4. Samurai

### 3. 70-JAAR FEESVIERINGE:

Die skool se 70-jaar feesvieringe is die week afgesluit met 'n formele seremonie. Dit is egter heerlik om u weer so 'n kykie in die skool se geskiedenis te gee:

***Hoërskool Wonderboom se geskiedenis:***

*"Groei en Dien" is die leuse van die skool wat dwarsdeur die afgelope 70 jaar uitgeleef is. Hierdie leuse en skoolwapen is reeds aan die einde van 1950 bekendgestel. Die skoollied was die volgende mylpaal. Mnr. J. A. van der Walt, 'n onderwyser, het gesorg vir die woorde en die bekende Stephan Eyssen het die musiek geskryf. Die skoollied is amptelik in gebruik geneem tydens die matriekafskeidsfunksie van 1953.*

*Die skool se getal leerlinge het vinnig gestyg, sodat aanbouings reeds in 1955 nodig was. In 1964 word begin met die nuwe vleuel asook die groter skoolsaal. Hierdie kompleks word op 16 Januarie 1967 in gebruik geneem. Terselfde tyd word met enkele ombouings begin o.a. die mediasentrum.*

*In 1974 het die nuwe pawiljoen verrys, wat, met sy onderdaksitplekke, 'n groot verbetering was. Hiermee saam het ook die sportvelde 'n metamorfose ondergaan.*

*Bestendigheid t.o.v. skoolhoofde is 'n kenmerk van Die Hoërskool Wonderboom.*

*Mnr. Van Vuuren, 'n afgetrede oud-hoof, het in Januarie 1949 die leisels van die nuwe skool in sy bekwame hande geneem. In 1950 is dr. J.C. Otto aangestel as die eerste permanente hoof. Hy was ook later die Burgemeester van Pretoria. Hy is in 1962 opgevolg deur mnr. S.H. Friis, seun van mnr. J.A. Friis onder wie se leiding die aksie begin is vir 'n nuwe Afrikaanse hoërskool. Na 14 jaar, in 1976, is mnr. C. Schutte aangestel as sy opvolger en eers 10 jaar later, in 1986, het mnr. D.J. Ferreira die leisels oorgeneem. Dr. S.T. van Wyk is daarna op 1 November 1994 aangestel en staan vir 21 jaar aan die stuur van Die Hoërskool Wonderboom. In September 2016 word ons huidige hoof, Mnr M Lezar, as sy opvolger aangestel.*

### 4. PRAYER-WALK – 5 AUGUSTUS:




Graag nooi ons alle belangstellendes uit om op Maandag, 5 Augustus, om 6:30 op ons rugbyveld deel te neem aan 'n Prayer Walk, waar verskeie kwessies in gebed aan die Here opgedra gaan word en beslis ook dankie gesê gaan word, omdat ons skool vir die afgelope 70 jaar bewaar én geseën is.

### 4. REVUE EN PERSONEELKONSERT:

Dankie aan elke ouer en leerder wat die revue en personeelkonsert kom ondersteun het. Die Wonnie-leerders en personeel het hul talente uitstekend ten toon gestel en dit was werklik 'n genotvolle geleentheid.

### 5. GRAAD 8 - 2020:

Die aanlyn-inskrywingsproses is afgehandel en alle dokumente moes teen 31 Julie ingehandig wees. Geen ouer kan nou verder aansoek doen nie. Ouers sal teen 30 Augustus begin SMS'e, vanaf die aanlynstelsel, ontvang waar 'n aanbieding vir plek in die skool gebied word. Die aanbieding moet binne sewe dae aanvaar of verwerp word.

M LEZAR
SKOOLHOOF